

I.M.S.


Vol. 1 No. 27

MUNISIPALITEIT



STELLENBOSCH

Mayor's Parlour,
24th November, 1961.



MUNICIPALITY

**ESTIMATES FOR MUNICIPAL REVENUE
AND EXPENDITURE FOR THE YEAR 1962**

At the meeting held on 21st November, 1961, the estimates were finally considered and confirmed and it was decided to levy an owner's rate of 0.83 cents in the Rand for the year 1962, thus the same as last year. The rate will be payable on the 15th March, 1962, but there is a period of grace ending on the 14th June.

TRAFFIC PROBLEMS AND ROADS

In this review mention has frequently been made of plans to solve the traffic problems of Stellenbosch and to find a solution which will relieve the congestion in certain streets, for instance Dorp Street.

A most recent proposal to be discussed is one which would extend Marais Street over the farm Coetzenburg, and thence along the foothills of Stellenbosch mountain in a westerly direction as far as the junction with the main road to Somerset West. From there it would go in a westerly direction, down the valley of the Eerste River, up to a point to the east of Vlottenburg Station, where the road would have to cross the railway line by a road bridge. Then it would connect up with the Polkadraai Road, which is expected to carry considerable traffic, as a result of road construction schemes which involve the D. F. Malan Airport and a main road to Cape Town. The junction of this road with the road to Somerset West would be a sorting out point for traffic outside the town proper, and possibly obviate the overloading of Dorp Street. Such a scheme would be carried out very soon, but the Council has decided that it merits most careful consideration.

In the meantime the Railways and the Divisional Council have agreed to the construction of a road over rail bridge just to the west of Vlottenburg station, which will obviate the very unpopular level crossing at the Castle Wine and Brandy Company's premises at Vlottenburg. The Council has been given the assurance that the latter proposal, which can be proceeded with without further delay, need not exclude the large scheme at a later stage.

REPLY TO JAN BURGERHUIS

I have read the letter of Jan Burgerhuis in a recent issue of *Eikestadnuus* with interest. The reply to all the questions raised in the letter is that the Municipality has no choice, as it is under an obligation to carry out the judgement of the Water Court of 1924 which stands until it is amended by a competent court or possibly by legislation.

I extend a cordial invitation to Jan Burgerhuis to come to the Municipal offices and acquaint himself with the judgement.

I can understand that he is concerned about the costs, but they may not be as high as he thinks, and whatever is provided for under the heading Expenditure on Irrigation Water certainly does not concern the riparian owners of Stellenbosch alone. It also provides for the work which the Municipality is compelled to carry out in connection with much bigger issues with which the judgement is concerned.

LEAVE OF ABSENCE COUNCILLOR DR. J. C. DE WET

Dr. J. C. and Mrs. de Wet will be going overseas quite soon, and they will visit Europe and the United States. On behalf of the Council and the community I wish Dr. and Mrs. De Wet a most interesting and happy tour and a safe return to Stellenbosch.

RECENT VELD AND MOUNTAIN FIRES

I wish to place on record my gratitude and appreciation for the truly wonderful co-operation and assistance extended by so many, including many of our University students, in combating the recent great fires which at times threatened to place even parts of the town itself in danger.

DIE JAAR LOOP AF

'n Gesprek met die Redakteur van **Eikestadnuus** het my laat besef dat hierdie rubriek die laaste van die jaar 1961 sal wees. Dit is moeilik om te besef hoe gou so 'n jaar verbygaan, en dat Kersfees en Nuwejaar om die draai lê.

Daar het die afgelope jaar baie gebeur, ook wat die Munisipaliteit betref. Ek sien daarvan af om in dié rubriek op besonderhede in te gaan, veral omdat die Burgemeester se jaarverslag nou gedruk en in die munisipale kantoor beskikbaar is. Die jaarverslag behandel alle vertakkings van die munisipale bedrywighede onder afsonderlike hoofde. Daar is byvoorbeeld finansies, publieke werke, stadsbeplanning, publieke gesondheid, behuising, verkeer, e.d.m. Daar is allerlei statistiek vir dié wat 'n studie van sulke dinge wil maak en eksemplare sal met genoeg aan belangstellendes uitgereik word.

Voordat ek vir hierdie jaar afskeid neem van die lesers van **Eikestadnuus**, wil ek graag my allerhartlikste dank betuig teenoor dié wat my gedurende my ampstyd en nadat ek as Burgemeester herkies is, so getrou bygestaan het. Die herinnering is aangenaam. Probleme was soms moeilik, maar deurgaans is 'n hoë peil gehandhaaf, ook waar dit om belange gegaan het wat miskien met dié van die munisipaliteit kon bots.

Moeilikhede wat die publiek ondervind het is op hoflike wyse onder die aandag van die Raad gebring; en waar dit enigsins moontlik was, het die Raad probeer help.

Ek wil in die eerste plek die hele samelewing van Stellenbosch en al die seksies waaruit dit saamgestel is, bedank; veral ook my mederaadslede vir hul toegewydheid aan die sake van die munisipaliteit. Ook die verteenwoordigers van ander liggame wat in noue voeling met die Stadsraad werk, het ek in gedagte. Ek spreek my waardering uit vir die gees van welwillendheid wat hulle altyd geopenbaar het.

Ook teenoor die Stadsklerk en die munisipale personeel in die geheel: 'n besondere woord van dank vir hul opregte belangstelling en toegewydheid.

KERSFEES

Die tekens dat die Kerstyd nader word steeds sterker; gelukwensings en bewyse van goeie gesindheid word daagliks ontvang.

Ek wil veral die publiek van Stellenbosch en almal wat met ons dorp in verbinding staan, van harte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens. Ek hoop dat ons daarin sal slaag om alle moeilikhede te oorwin en dat die gesindheid wat

ons met Kersfees vereenselwig, deur die jaar gehandhaaf sal word. As ons die nuwe jaar in dié gees tegemoet gaan, behoort ons 'n gelukkige samelewing te wees.

Ook hierdie jaar sal kersbome by die munisipaliteit verkry kan word. Die publiek word egter vriendelik versoek om die bestellings vroegtydig te plaas, aangesien bome nie na 21 Desember afgelewer kan word nie.

Daar is nog 'n saak wat ek gevra is om te noem en dit is dat ten gevolge van die verandering in die elektrisiteitsvoorsieningstelsel daar in die loop van die volgende paar maande in sekere dele van die dorp onderbrekings in die kragtoevoer mag voorkom. Dit sal moontlik gebeur as die nuwe substasies in gebruik geneem word. Ek het die vrymoedigheid om te vra dat ons verbruikers die posisie sal verstaan en moontlike ongerief met goeie gesindheid en geduld sal verduur. Dit is vanselfsprekend dat alle voorsorg getref sal word om die ongerief so min moontlik te maak.

Verder is ek gevra om verbruikers wat 3-fasige elektriese motors in gebruik het, te versoek om, ingeval hulle vind dat die oorskakeling sommige van daardie motors verkeerd-om laat loop, dadelik die Afdeling Elektrisiteit (telefoon 112) te verwittig. Die fout sal dan reggestel kan word.

Ek wil ook net daaraan herinner dat die swembad nou oop is vir die algemene publiek van Stellenbosch tot 3 Februarie 1962, wel vanaf 7 vm. tot 9 nm., elke dag, behalwe Sondag, Kersdag, ens. Toegang is gratis, maar na 5 nm. word 'n klein fooi gehef sodat daar beter geleentheid vir die werkende publiek sal wees.

S. W. J. LIEBENBERG